

Lampbrecht, B. PAUL EMMANUEL AFTER-IMAGE in Beeld, Beeld, Johannesburg, January

After Image, die werk waarin Paul Emmanuel sy meesterskap as vakman bewys, is tegelykertyd 'n boeiende konseptuele werk, ofskoon nie sonder gebreke nie. Die werk, 'n graslandskap met 'n soldate broek en baadjie die enigste motiewe, is strepie vir strepie met 'n lemmetjie uitgekrap op vooraf-beligte swart fotografiese papier. Die geboorte het langer as 'n jaar geduur.

In die tyd het baie mense die impak daarvan in verskillende stadiums van voltooiing beleef. Die voltooiende stuk is toe uitendelik middel verlede jaar onthul - eers in die kunstenaar se ateljee in Milpark en daarna by die Dorpstraatkunsgalery in Stellenbosch. So ook is *Lost Men*, die installasie wat in Julie by die Nasionale Kunstefees in Grahamstad op Monumentkoppie in die buitelug vertoon is, nou saam met *After Image* te sien. Dié keer op video. Hierop sien jy die "vlae" in die wind wapper waarop foto's van liggaamsfragmente afgedruk is. Teen die kaalgeskeerde agterkop, bene en arms van Emmanuel is die name van oorlogslaffoffers op geëmbosseer. 'n Verwysing na die monumente vir oorlogslagoffers, maar pleks van in graniet, die keer op mensvel en op sagte sy-lap.

Oor die betekenis van hierdie werke as beelde van verlies en die onheldhaftigheid van geweld, is daar al in *Beeld* geskryf. *After Image* was toe egter nog onvoltooid. Dus vra hierdie nuwe tentoonstelling om herbesinning. Ook in die lig van die nuwe konteks, die plek, die Ou Fort waarin die werke tentoon gestel word. Die Fort was immers vroeër deel van 'n tronkopset op die huidige Constitutional Hill. Nes die slagveld, 'n plek geassosieer met robuuste manlikheid.

Nes hy die begrip van 'n gedenksteen (Memorial) omgedop het – klip na lap verander het om so die futiliteit van gesanksioneerde geweld (oorlog) uit te wys, so keer Emmanuel die begrip "manlikheid" onderstebo. Hierdie aspek van die twee werke, *After Image* en *Lost Men* kom sterker in fokus in die nuwe tentoonstellingslokaal.

Die uitwerking van onderdrukking, in die sin van sowel politiek-gesanksioneerde inperking as die psigologiese kom staan nou sentraal in veral *After Image*. Vanuit die invalshoek van die self-erkende homoseksueel, ondersoek Emmanuel aspekte van man-wees. Dis veral betekenisvol komende van iemand wat gemaklik oor sy eie fyn fisieke bou en vroulike stem praat as konteks.

Die soldate uniform is die metafoor. Maar Emmanuel sistap die geimpliseerde gesag en robuustheid wat daarmee verband hou. Dis net bolangs, s Maar Emmanuel sistap die geimpliseerde gesag en robuustheid wat daarmee verband hou. Dis net bolangs, sê hy en beklemtoon dus die "mooiheid van die suiwer wit baadjie (ondanks 'n gesuggereerde slagveld). Die baadjie is egter lyfloos, sodat die dodelikheid van menslike eensaamheid uitgedruk word – ongeag of dit man of vrou is. Net eensame, weerlose mens met gevoelens as sy enigste pantser.

Die werk tref jou om sy eenvoud. En om die tyd wat jy voel verbygaan in elkeen van die ontelbare strepies gras wat een vir een uitgekrap is. Maar dan is dit of iets uithaak, anders as

toe jy die werk in sy nog halfvoltooide staat gesien het. Toe 'n swart onbewerkte deel die somberheid van die vaal lug en veld gedramatiseer het.

Teësinnig soos jy is om fout te vind in 'n werk met soveel deugde, is dit moeilik om nie gepla te voel deur die opvallende verandering in toon in die deel wat laaste voltooi is nie. Dié onderste, linkerhelfte lyk amper patroonmatig. En asof die kunstenaar verlei geraak het deur sy eie behendigheid met die lemmetjie. Die grassprietie word net te mooi en vra net te selfbewus, "Kyk tog na my."

Was daar tydsdruk vir 'n tentoonstelling sodat die kunstenaar die ystere dissipline van vroeër moes prysgee? Hoe ook, 'n mens kan rasionaliseer en juis betekenis soek in hierdie nuwe sleutel. Maar die patos van die offisiërsklere sonder mens, is ingeboet. Die verdere teenstelling daarvan met die meedoënlose grysheid van die omringende graslandkap, met net 'n swart niks waarin die kunstenaar se spieëlbeeld weerkaats het - dis die nabeeld van *After Image* wat ek persoonlik wil onthou.